Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 51 van 2021

19 Desember 2021

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Oppas vir “ligte troos”

Iemand vertel by ’n groot ete hy het pas sy beursie verloor met baie geld daarin. Almal simpatiseer met hom. Iemand sê toe iets goeds sal hieruit voortspruit. “Wat nogal?” vra iemand anders. “Alles werk maar ten goede uit,” kom sy antwoord. “Ja, jy is reg. Iets goed sal hieruit voortspruit as jy uit jou sak die geld vir hierdie arme man teruggee,” sê die omgekrapte. Toe is “alles wat ten goede moet werk” ook daarmee heen. Hierdie voorstel is gou-gou doodgepraat.

Ligloop vir “ligte troos.” Moenie ander se verliese sagter maak as wat dit regtig is nie. Moenie dit vinnig probeer wegpraat nie. Hoe gemaak? Wel, ons help eers wanneer ons die gewig van ander mense se swaarkryop ons eie skouers tel. Dit is wat Galasiërs 6:2 vir ons leer. Ons praat nie net nie, ons help op konkrete maniere! Beteken dit egter ons mag nie ander met ons woorde troos nie? Nee, ons mag. Woorde is altyd belangrik, maar dan moet dit woorde wees wat mekaar opbou en bemoedig. Sulke opbouende taal is die Here se soort taal. Maar ons woorde én ons dade is eers goeie medisyne as ander se verlies op ons eie skouers ’n plek kry en as ons die gewig daarvan self voel.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
*Bid vir Ria Putter vir volle herstel
*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-volle herstel
*Bid vir mense wat COVID-19 het
*Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
*Bid vir Johan Kotze- vir volle genesing
*Bid vir Tannie Marinda Jordaan-sy is baie siek
*Bid vir Basie Roux-hy het kanker-vir volle genesing
*Bid vir Carina Haasbroek-vir volle genesing-sy het kanker
*Bid vir Nadeleen Deguay–bid vir volle genesing
*Bid vir Lettie Koekemoer vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Dezi Stinton vir volle genesing
*Bid vir Jaap Naudé vir volle genesing
*Bid vir Hanna Pienaar – sy het kanker vir volle genesing
*Bid vir Christa de Swart vir nabyheid van die HERE

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***…

- HERE, ek het U lief! AMEN

Gedagte vd week

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.